**WOENSDAG 4 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: JOHANNES 18:12-13, 19-24**
**FOKUSGEDEELTE: JOHANNES 18: 19-24**

## Annas – so naby en tog so ver

Die hoëpriester moes eenmaal per jaar in die allerheiligste ingaan om versoening vir sy en die volk se sonde te bring. Dit was ’n besondere roeping en verantwoordelikheid. Tog het hierdie taak in die tyd van Jesus eintlik ontaard in ’n magposisie en posisie wat selfs rykdom ingebring het. Hoewel die hoëpriester dit lewenslank behoort te wees, het die Romeine hoëpriesters aangestel en onthef soos hulle goeddink, dalk juis omdat die hoëpriester vinnig ryk en invloedryk kon raak.

Annas (die Here is genadig) was hoëpriester van 6-15 na Christus. Hy is vervang met een van sy seuns, waarna Kajafas (Annas se skoonseun) as hoëpriester aangestel is van 18-33 na Christus (die tyd van Jesus se verhoor). Die feit dat Jesus na Annas toe gestuur is, dui op die invloed en gesag wat hy steeds gehad het. Annas ondervra Jesus oor sy leer (Matt. 18).

Annas: so naby en tog so ver. Sy fokus op eie mag en die behoud van die uiterlike sisteem soos hy dit ken, veroorsaak dat Annas die beloofde Verlosser, reg voor hom, miskyk. In plaas van om te omhels, te glo, te ontvang en nuut te word, het hy gekeer, beoordeel, veroordeel. Hy wat instrument vir die bediening van genade moes wees, mis die grootste genadegawe van God.

Jy kan in die regte omgewing wees, selfs bepaalde Christelike funksies verrig, selfs leier wees ... maar ken jy Jesus as jou persoonlike Verlosser en Koning? Is jy medewerker en bedienaar op die pad waarop die Here jou vat ... of beskerm jy bloot dit wat jyself dink belangrik is?

Deur die werking van die Gees gryp ons in die geloof aan Jesus Christus vas. Ons luister fyn na wat Hy leer, nie om dit te beoordeel nie, maar om dit na te volg.

*Sing: Psalm 25:2 (1936)*

*Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)*